# menlo-insig

31/2022


LIEWE MENLO


**Welkom by Menlo se galery!**

U kry vandeesweek 'n kitskyk na die kunstalent op Menlo-bodem. Meer oor die galery op bladsy 6.

















# DAGBOEK

**28/10**
Muurbal: Noordwes Ope (Potchefstroom)
Rugby: Laerskole (oefenkamp)

**31/10**
Somereksamen begin vir graad 10 – 12
Musiekakademie: Voorspeelklasse (AfriForum Teater) tot 4/11

**8/11**
**Begroting 2023: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)**

**22/11**
**Begroting 2023: Goedkeuringsvergadering (Ouditorium, 18:00)**

**1/12**
Uitdeel van handboeke vir 2023: Graad 8

**2/12**
Somereksamen eindig
Uitdeel van handboeke vir 2023:
Graad 9: 08:00 – 10:00; Graad 10 & 11: 10:-00 – 12:00

**13/12 – 15/12**
Uitstuur van e-rapporte

## Die begrotingsproses begin! Lewer asb. u insette.

Die jaar staan einde se kant toe en die proses om die 2023-begroting goed te keur, begin binnekort. Ouers word versoek om hulleself asseblief deeglik van die volgende datums en reëlings te vergewis.

**Dinsdag, 8 November 2022**
**Ouerinligtingsvergadering rakende die begroting vir 2023 (Ouditorium, 18:00)**

Die konsepbegroting word tydens hierdie vergadering aan die ouers voorgelê en uiteengesit. Enige vrae en besprekings word verwelkom. Die konsepbegroting is vir die daaropvolgende veertien dae, ter insae, in die forum by die skool beskikbaar.

**Dinsdag, 22 November 2022**
**Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting vir 2023 (Ouditorium, 18:00)**

Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting vir 2023 deur middel van 'n stemproses goed te keur.



MENLO MA'S WAT OMGEE

**Skrif: Psalm 91:1**

Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."












# AKADEMIE


## Toppresteerders bekend



**Graad 8** 20. Leila Retief & Anke Erasmus, 19. Karla van Rooyen, 17. Corlise Potgieter & Luka Smit, 16. Kathleen van Rooyen, 15. Jade Gruen, 14. Caitlin Read, 13. Inge Higgins, 12. Wynand Botha, 11. Mia de Waal, 10. Anja Steidler, 9. Skye Smit, 7. Nicholas Pretorius & Zantè van der Hoven, 6. Le Roux van Wyk, 5. Xante Strauss, 4. Clara Serfontein, 3. Luan Visser, 2. Erik Senekal, 1. Lauren Malan (94.67%).



**Graad 9** 19. Daniela Minnaar & Carla Sephton, 17. Micaela Swart & Selmé Beetge, 16. Ané Prinsloo, 15. Jasper Smit, 14. Jean-Marie van den Berg, 13. Megan Johnson, 12. Elzette Fouche, 11. Wihan Vermeulen, 8. Isabeau van Helsdingen, Ryan Hill & Wilna Beetge, 7. Friedrich Weilbach, 5. Telani Janse van Rensburg & Andries Beyers, 4. Deané van Zyl, 3. David Kunzman, 2. Melike Spies, 1. Elsjé Groenewald (96.33%).



**Graad 10** 19. Miné de Kock & Keira de Jager, 17. Genna Cloete & Keila Manthe, 16. Kristen van Rensburg, 15. Ewald Meyer, 13. Altus Malan & Alwyn Esterhuizen, 12. Danielle Hogg, 9. Monya van Zyl, Christiaan Moodie & Mia van Dyk, 8. Janine Kirsten, 7. Devan Matthee, 6. Ruben van Biljon, 5. Viljee Smit, 4. Rolandt Grosskopf, 3. Cari Billman, 2. Daniélle de Wet, 1. Lelize van der Walt (98.14%).



**Graad 11** 20. Graeme Geerkens, 19. Christi-Mari van Zyl, 18. Martie van Wyk, 17. Luca du Plessis, 14. Lilan Swanepoel, Milandri Schutte & Talita Engelbrecht, 13. Lamari Wagener, 12. Rigardt Bosch, 11. Cari Bellingan, 10. Stephen le Roux, 9. Gerard Jordaan, 8. Karlien Lambrechts, 7. Erasel Boer, 6. Monique van der Merwe, 5. Reghardt van Biljon, 4. Mikal Venter, 2. Dannhauser van der Merwe & Niencke Bloem, 1. Sheliza de Wet (97%).



**Graad 12** 20. Janell Mc Cabe, 19. Ansune du Toit, 18. Evah Fourie, 17. Shanné Frazao, 16. Burnett Steyl, 15. Carla van Wyk, 14. Schalk Grobler, 13. Jana Retief, 12. Courtney Andrews, 11. Nicole Andrews, 10. Gustav Malan, 9. Carmie du Preez, 8. Chantelle Ferreira, 6. PR Human & Johan Hanekom, 5. Albert Wilsenach, 4. Jeanne Craig, 3. Nicola Vermeulen, 2. Kristen de Bruin, 1. Jeannedré Rosewall (96.86%).

# ALGEMEEN EN AKADEMIE

## Totsiens Matrieks!

'n Graad 12-jaar is 'n jaar vol laastes. Tog is daar aan die einde van die jaar ook 'n matriekeerste in die vorm van die graad 12-afsluitingsfunksie – 'n nuwe Menlo-tradisie wat vanjaar twee jaar oud is. Hierdie spesiale geleentheid het vandeesweek op die Menlo-pawiljoen plaasgevind: 'n Nostalgiese oomblik waar die matrieks, met die pragtige terrein as agtergrond, vir oulaas as Parkies aangetree het.

Die afsluiting is deur 'n spesiale boodskap van elkeen van die sprekers in die Parkies se geheuebank geëts. Me. Liesel Krause-Wiid het die verrigtinge met 'n bemoedigende boodskap geopen waarna die hoof, mnr. Reynders, van die matrieks afskeid geneem het. Tiaan Kruger, hoofseun van 2018 (toe vanjaar se matriekgroep in gr. 8 was) het die skool met 'n spesiale boodskap geïnspireer en 'n boodskap van Tunet Trumpie, hoofdogter van 2018, aan die groep voorgelees. Kristen de Bruin, 2022 se Parkieraadvoorsitter, het die laaste sê gehad en die matrieks vir oulaas toegespreek.

Die Klas van 2022 en hulle ouers het die pawiljoen vir die laaste keer verlaat. Die skool is dankbaar vir die spore wat hierdie leerders agterlaat en het waardering vir die ondersteuning van die ouers gedurende die afgelope vyf jaar. Ons beste wense vergesel elke Menlo-matrikulant.

Menlo groet julle.

Die skool bedank graag vir mnr. Hanno Roux en me. Ilze van Niekerk vir die reëlings vir hierdie spesiale dag.













## Somme vir sukses



Die som van talentvolle en hardwerkende leerders en uitstekende onderwysers is dat somme op Menlo-bodem sommer in 'n kits gedoen word en dit somder enige probleme.

Daar is diegene wat somme sommer maklik kan buig en 'n klompie van hierdie syfersterk Parkies was in die afgelope tyd by 'n paar kompetisies in aksie waar hulle hulle somkrag ten toon gestel het.


Baie geluk aan die volgende leerders:

| | |
|---|---|
| South African Mathematics Foundation | Erik Senekal (Tweede in Gauteng). |
| SA Mathematics Team Competition | Skye Smit, Le Roux van Wyk, Erik Senekal en Daniël Palmer (Verteenwoordig Gauteng-Noord se eerstespan) |




Knap gedaan aan elkeen van hierdie syferslim Parkies en aan die Menlo-onderwysers met hierdie puik prestasie.

















# KUNS

## Menlo-kuns: Talent in aksie

Wat het Menlo-kuns met Van Gogh, Matisse en Vermeer gemeen? Kyk 'n mens na die meesterlike kunswerke op die voorblad en hiernaas, is die antwoord voor die hand liggend.

Menlo se kunstenaars het vanjaar aan verskeie kunskompetisies deelgeneem en Die Insig plaas graag 'n opsomming hiervan, tesame met bewyse van die Parkies se manjifieke kunstalent.

### Tshwane Prestige Jeugkunstefees

Slegs tien hoërskole en sewe laerskole en privaat kunssentrums is genooi om kunswerke vir keuring vir hierdie elite uitstalling in die Staatsteater te stuur. Een en dertig Parkies se talent is geweeg en gewigtig genoeg vir hierdie uitstalling gevind. Klaradyn Moolman, gr. 12, se voorbladontwerp is as programvoorblad vir die kunstefees gekies.

### Pretoria Eisteddfod

Tien Parkies het vanjaar met hulle skilder-, teken-, ontwerp-, beeldhou- en fotografiewerke aan hierdie kompetisie deelgeneem. Die uitslae is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Marlene Kruger | Graad 8 | Eerste plek: beeldhou en fotografie |
| Shay-Leigh Barbier | Graad 10 | Eerste plek: beeldhou |
| Bernu Pieters | Graad 11 | Eerste plek: ontwerp |
| Stephan le Roux | Graad 11 | Eerste plek: skilderkuns |

### UP se digitale uitstalling vir hoërskole

Stephan le Roux, Hildemarie Richter en Altus Albertyn verteenwoordig die skool by hierdie kompetisie wat die uitstalling van kuns op digitale platforms bevorder.

### Atterbury se verf the village

Menlo se graad 10- en 11-kunsleerders het hierdie geleentheid, om die voor- en kantaansig van een van die geboue in The Village meer opvallend te verf, met albei hande, palette en kwaste aangegryp.

### Brooklyn Mall se kinnerkunsfees

Agt en dertig Parkies se werk is in September by Brooklyn Mall uitgestal. Baie geluk aan die volgende leerders:

| | |
|---|---|
| Marlene Kruger (gr. 8) | Tweede plek: skilder |
| Jealise Goosen (gr. 10) | Tweede plek: skilder |
| Stephan le Roux (gr. 11) | Eerste plek: skilder |
| Nadine Roux (gr. 10) | Algehele wenner (hoërskoleafdeling)<br>Eerste plek: skilder |

### Menlovaria: Gesig– en lyfverf

As jy gedink het dat jy karakters soos Avatars en The Grinch op Menlo-bodem raakgeloop het, was jy nie verkeerd nie. Menlo se kunstenaars het tydens die Menlovaria-fees in groepe saamgwerk om gewone Parkies in fantasiekarakters te transformeer.

### Menlovaria: Kunsuitstalling

Baie geluk aan die wenners van Menlo se eie kunskompetisie:

| | | |
|---|---|---|
| Graad 8 | Marlene Kruger (skilder) | Jemima Kruger & Luka Smit (teken) |
| Graad 9 | Ewan Lourens (skilder) | Micaela Swart (teken) |
| Graad 10 | Jealise Goosen (skilder) | Cara Fourie (teken) |
| Graad 11 | Stephen le Roux (skilder) | Marike Bosch (teken) |
| Graad 12 | Hildemarie Richter (skilder) | Altus Albertyn (teken) |





# AKADEMIE

## Duitsland wink vir halfdosyn Parkies

Peter Bredell en Zoë Wise is twee Parkies wat hulle tasse saam met Janine Kirsten, Janica du Bruyn, Zoë van Deventer en Margitt Kruger (soos vroeër berig) vir die Duitse-uitruil kan pak, want hierdie twee het uitstekende uitslae in die FSA-eksamen behaal.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Peter Bredell (gr. 10) | 90.43% | 10de nasionaal | 9de provinsiaal |
| Zoë Wise (gr. 10) | 76.38% | 19de nasionaal | 15de provinsiaal |

Baie geluk aan Peter en Zoë.

Die Insig wens vir elkeen van hierdie Parkies 'n voorspoedige reis na Duitsland toe.

## Vak-allegaartjie lewer verstommende resultate









Wat gebeur wanneer Tegnologie, NW en Wiskunde hande vat en die kennis wat die leerders in hierdie vakgebiede opdoen, saamsmelt?

Die Insig het nie juis kennis van een van hierdie vakgebiede nie (selfs die opdrag was Grieks), maar kan die versekering gee dat die resultaat absolut verstommed is.

Die graad 9-leerders moes vanjaar 'n projek wat oor al drie hierdie leerareas strek, voltooi om aan die vereistes van die Algemene Opleidingsertifikaat (General Education Certificate) te voldoen. Die geïntegreerde projekte is op die projekgebaseerde leermetodologie geskoei – hiervolgens word aktiwiteite wat werklike ervarings naboots, geskep om sodoende lewensvaardighede te ontwikkel.

Die eindproduk waarna die leerders gewerk het, was om 'n eenvoudige batteryaangedrewe klankversterker vir 'n selfoon te ontwerp en te bou. Stroombane is in die NW-klas gebou, terwyl patrone, funksies, algebra en datahantering in die wiskundeklas behandel is.

Baie geluk aan die leerders wat gewys het dat hulle weet hoe om te leer, genereer, integreer en inspireer asook aan die onderwysers vir hulle bekwame leiding.

# SPOG

## Op pad na haar eerste miljoen

Die Insig het verlede week berig dat Larissa Kamstra 'n finalis in die Maak my 'n miljoenêr-kompetisie was.

Die kompetisie het intussen ten einde geloop en Larissa is vandeesweek, tydens 'n galafunksie in die Atterbury Teater, as die naaswenner aangewys.

Menlo is trots op hierdie vernuftige entrepreneur wat nie skroom om uitdagings aan te gryp nie. Volg gerus die skakel om Larissa in aksie te beleef en om meer oor die kompetisie te wete te kom.



# KOSHUIS

## 2022 met koshuisdinee gevier

Menlo se koshuis is veel meer as 'n dak oor die kop en heilsame maaltye saam met maats. Dit is 'n tuiste waar lewenslange vriendskapsbande gesmee word, uitdagings gedeel word en suksesse gevier word.

Die koshuisdinee – een van die hoogtepunte op die koshuiskalender – is die ideale geleentheid om die sukses van die sokkieklasse wat al vir weke in die koshuis geloop word, te meet. 'n Skoolsaal is beswaarlik 'n plek waar Griekse gode en godinne kan sosialiseer en met die hulp van 'n paar vrywilligers is die saal in 'n jap-trap in 'n toneel uit 'n Griekse sprokie omskep. Nie eers die reën kon die sprankelende leerders se gees demp nie en is daar tot laatnag gedans en gekuier.

'n Dinee sonder 'n kort toespraak is nie 'n behoorlike dinee nie en die uittredende koshuishoofleiers, Burnett Steyl en Cayleigh Tolmay, het die koshuisgangers met hulle toesprake vermaak waarna 'n paar interessante pryse uitgedeel is.


Die Insig wens graag vir elke koshuisleerder sterkte met die eksamen toe en bedank elkeen wat by die aanbied van die feestelike Menlo-koshuisdinee betrokke was: Die graad 8-leerders het korte mette van die opruimingstaak gemaak, terwyl die graad 11's hulle ster behoorlik laat skitter het. Baie dankie!

Ons maak gou weer so.












# ATLETIEK

## Menlo kraai koning by NWU Top 30

Dit is weliswaar nog vroeg in die seisoen, maar Menlo se atlete het hulle oorheersing op die baan en veld verlede week met puik prestasies by die NWU se Top 30-byeenkoms onderstreep. Die sterbelaaide byeenkoms het nie teleurgestel nie en 'n hele aantal byeenkomsrekords en selfs 'n SA rekord het in die slag gebly. Ten spyte van uitstekende mededinging het die Parkies hulle nie laat intimideer nie en vir die ander skole gewys waar Dawid die wortels begrawe het. Die uitslae is soos volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Dogters** | 1. Menlo | 2. AHMP | 3. Noordheuwel | **Algeheel** | 1. Menlo |
| **Seuns** | 1. Menlo | 2. Prestige College | 3. AHS | | |









# KRIEKET



### Spanwerk vir sukses

Krieket is 'n spel waar die som van die dele dikwels groter as die geheel is. Een of twee goeie vennootskappe voor die penne wat deur goeie boulsyfers ondersteun word, is goud werd!

Baie geluk aan Menlo se o. 15A-span asook die tweedes wat vandeesweek aan die wenkant was. Die vennootskap op die veld en met die afrigters werp sukses af! Knap gedaan! #MenloKrieketKook

**Menlopark o. 15A vs. Hans Moore o. 15A**

| | |
|---|---|
| Menlo | 141 almal uit (James Bronkhorst 27, Mattheus Prinsloo 27) |
| Hans Moore | 113 almal uit (Tiaan Serfontein 3/26, Matt van der Westhuizen 3/17, James Bronkhorst 3/6) |

Menlo wen met 28 lopies.

**Menlopark 2de XI vs. Pretoria Boys High 2de XI**

| | |
|---|---|
| Menlo | 202 almal uit (Gerhard-Nico van Zyl 43, Pierré de Villiers 34) |
| PBHS | 165/9 (Tiaan Serfontein 4/29, Gerhard-Nico van Zyl 2/20) |

Menlo wen met 37 lopies.

# RUGBY





### Rugbyhoogtepunte gevier

Dit is moeilik om te glo dat die rugbyspelers wat Vrydagaand by die jaarafsluitingsfunksie was dieselfde spelers is wat die rugbyveld vanjaar vreesloos aangedurf het. Netjies in uitstapdrag geklee was die manne 'n toonbeeld van forsheid, jeug en goeie maniere.

Die aand het weliswaar nie met 'n afskop afgeskop nie, maar met 'n praatjie deur mnr. John-Laffnie de Jager, 'n sportman wat vele hoogtepunte op die tennisbaan bereik het en oor die jare deeglik met die uitdagings van sport kennisgemaak het.



Die rugbypa's moes die keer opsy staan sodat die moeders hulle slag met heerlike eetgoed en stylvolle tafels kon wys. Baie dankie aan mnre. Nico Luus, Braam Pretorius en Dirk Odendaal vir die reëlings, die ouers vir hulle kulinêre en estetiese bydraes asook aan die spelers – die spil om wie die aand gedraai het. Dit was voorts 'n voorreg om mnr. Rudolph Straueli, oud-Menloparker en -Springbokbreier, op Menlobodem te verwelkom.

Baie geluk aan elke speler wat die Menlo-blou vanjaar oor sy kop getrek het én aan die spelers wat met toekennings vereer is.

| | |
|---|---|
| **Speler van die jaar (algeheel)** | Hendré du Toit |
| **Speler van die jaar (junior)** | Leskin Samuels |
| **Speler van die jaar (senior)** | Nathan Mong |
| **Voorspeler van die jaar (senior)** | Hanru Potgieter |
| **Voorspeler van die jaar (junior)** | Ruan Strydom |
| **Agterspeler van die jaar (junior)** | Reinhardt Herbst |
| **Agterspeler van die jaar (senior)** | Marco Strydom |
| **7's-speler van die jaar (junior)** | Leskin Samuels |
| **7's-speler van die jaar (senior)** | Jayden Fortuin |




# MUURBAL



## *Stay* of ry: MMA toer nie met Jan Tuibly se kar na Stayers-toernooi

Wat is 'n besoek aan die moederstad sonder 'n muurbalwedstryd teen York High School, St John's, Kingswoord College en St Stithians? Vergeet van die berg en kabelkar, Kirstenbosch en die see... As Menlo se muurbalspelers na Kaapstad reis, is dit vir muurbal.

Menlo-muurbal se splinternuwe eerstespan het die afgelope naweek 'n Kaapse draai gemaak waar daar tyd vir 'n bietjie ontspanning en baie muurbal was. Skole se eerstespanne word gewoonlik by die Stayers-toernooi bekendgestel en die Parkies het die pyp teen gedugte teenstanders gerook.

Knap gedaan aan die MMA én me. Liz Mackenzie met 'n suksesvolle toernooi. Die Insig sien saam met julle na 2023 uit!

# PERDRY

## Kyk hoe ry Menlo se ruiters; Menlo se ruiters bo!

Baie water het in die see geloop sedert die dae van Ta' Hessie se wit perd en ou ryperd.

Ruitersport is deesdae 'n gesofistikeerde affêre waarvoor ruiters oor 'n reeks vaardighede – van uitstekende balans en waagmoed tot die vermoë om met perde te kommunikeer – moet beskik.

Ruitersport groei met rasse skrede op Menlo-bodem en vanjaar se ruiters het hulleself uitstekend van hulle taak gekwyt en as wenners van die B-liga weggegalop. Die ruiters se prestasies is tydens die jaarlikse prysuitdelingsfunksie gevier en die Klubhuis het net so swierig soos die ruiters gelyk.

Baie dankie aan die ouers wat geen moeite ontsien het om styl aan die funksie te verleen nie asook die organiseerders, me. Ilze Smith en me. Doné Moolman, vir hulle aandeel aan Menlo se sukses.

Baie geluk aan elke ruiter wat vanjaar vir Menlo in die saal geskuif het én aan die ruiters wat toekennings ontvang het. Hier volg 'n kort opsomming van die prysuitdelingsfunksie:

| | |
|---|---|
| **Kaptein vir 2023** | Kayla Engelbrecht |
| **Onderkaptein vir 2023** | Monique J v Rensburg |
| **Nuweling van die jaar** | Inge Higgins |
| **Beste vordering** | Jemmah Court |
| **Voorste puntemaker** | Zianè vd Berg |
| **Veelsydigste ruiter** | Zianè vd Berg |
| **Beste gees** | Jana Fouché |
| **Ruiter vd jaar (kernliga)** | Alexandra Steyn |
| **Ruiter vd jaar (addisionele liga)** | Janike Joubert |







# ALGEMEEN

## Gesonde finansies is so maklik soos *pos* en *swaai*



Moet asseblief nie vergeet om u strokie in Menlo se bus voor in Menlopark SPAR te plaas wanneer u daar aankope doen nie. Menlopark SPAR ondersteun die skool deur 'n persentasie van die aankope deur Menlo-mense aan die skool terug te betaal. Daar word nie 'n seël of internetverbinding benodig om u strokie te pos en sodoende Menlo se bankrekening te laat groei nie.

Net so kan u met u MySchool-kaart help om fondse vir die skool in te samel. Het u geweet dat die skool maandeliks 'n MySchool-terugbetaling ontvang indien kaarthouers hulle kaarte swaai wanneer hulle inkopies by sekere handelaars doen? Die skool rig graag 'n versoek aan alle ouers om aan hierdie projek deel te neem om fondse vir die skool te genereer.




Het u nog nie 'n MySchool-kaart nie? Volg asseblief die **skakel**.


Het u reeds 'n MySchool-kaart, maar is dit nie aan Menlo gekoppel nie? Volg asseblief die **skakel** om die begunstigde op u kaart te verander.

Die skool bedank elke ouer vir sy/haar moeite met die MySchool-projek en ons sien daarna uit om oor die dividende te berig.



# MARKPLEIN







**Klavier te koop**

**Kontak** 079 689 7639

**Prys** R38 000




Kersfees is om die draai
Plaas nou u bestelling
vir 'n heerlike
vrugtekoek @ slegs R250.
Carli: 071 304 9021(WhatsApp)


Queenswood
Retirement Home
Your choice for retirehood since 1974
High quality, good value accommodation
✓ Rental Units ✓ Frail Care
Avoid disappointment!
Get your name on our waiting list
It is never too soon or too late
Please contact us:
+27(0)12 391 2700 • qws.info@mha.co.za
Comfort. Care. Compassion.
Methodist Homes Queenswood
3 Briscoe Lane
Queenswood, Pretoria
www.mha.co.za
Methodist Homes
Providing affordable, secure and caring accommodation and services to the elderly


INGE'S
FRESH PASTA
Price List
500g PASTA (VEGAN)
Spaghetti / Penne / Linguine - R50
Fettuccine - R70
500g GLUTEN FREE PASTA (VEGAN)
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90
500g EGG PASTA
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90
We use buckwheat flour for our Gluten Free Pasta
ORDER BY WEDNESDAY 2PM FOR DELIVERY ON FRIDAY
INGE - 071 840 5149


SILVERTON
CYCLES
WE ARE PROUD
STOCKISTS OF
TITAN RACING
MERIDA


PRISMA
water
Services
Purified Water
Private Labeled Bottled Water
Purified Water Refills
Dispenser Bottle Refills
Dispenser Machine Hire
*Free label design
*Free Delivery in Gauteng
Contact Information
Tel: 012 365 2590
Cell: 066 432 1209
sales@prismawater.co.za
www.prismawater.co.za
69 Lynburn Road,
Lynburn Center,
Lynwood Manor,
Pretoria
At Prisma Water we can do water for any quantity, any functions any corporate company or small office, branded or not!!!

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans
104.2 FM



# LiggieFees '22

## JAKARANDA KINDERHUIS
## CHILDREN'S HOME

---

**1 - 23 DESEMBER | 18:00-22:00**

VOLWASSENES-R50PP   KINDERS-R30PP   ONDER 3 – GRATIS

---

KOSSTALLETJIES   DUBBEL MALLEMEULE
TERREINTREINTJIE   FOTOS MET SINTERKLAAS
BINNESHUISE YSSKAATSBAAN

---

INGANGKAARTJIES NOU BESKIKBAAR BY

ticketpro

**JKHOME.CO.ZA/LIGGIEFEES**

TALITHA KUMISTRAAT 1, EAST LYNNE, PRETORIA